VERJAARSDAE

2 Des Gerdus Smit (Belydend)	0568114202
4 Des Gert Olivier (Belydend)	0169767889
4 Des Shaun Stoop (Belydend)	0792594321
7 Des Dylan Jacobs (Doop)	(Kirsty) 0837797010
7 Des Retie Loots (Belydend)	0169711349

Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16
Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

2 DESEMBER 2018

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat
Leraar: Marcel Floor 0828285811
Admin: Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
webwerf: www.gksasolburg.co.za ;
Webblad:www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid: Tommy Bezuidenhout 0828866822
Geboue: PJ Gouws – 079 492 8404 **Koster**: Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor: Di-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: BLOK B

Kollekte by deure: Transoranje Instituut
Kollekte onder diens: Barmhartigheid

WOORDBEDIENING

Matt. 5:17-20 & 48, Luk. 17:7-10, Jak. 2:14-17. (83 Vertaling)
Fokus: HK Sondag 24

Tema: Ons goeie dade.

- 'n Paar weke gelede, in 'n preek uit Sondag 23 van die Heidelbergse Kategismus en Romeine 3, het ons onsself bevind in die hemelse hofsaal, voor die regterstoel van God. (Rom. 3:21, 24, 26)
  - Die getuienis teen ons was verdoemend. (Rom. 3:10-19)
  - En daarom kon ons net een uitspraak verwag – ons is skuldig! (Rom. 3:19)

- In ’n dramatiese wending in die hofverrigtinge het Jesus egter in ons plek in die beskuldigde bank gaan staan!
    - En daar het Hy verklaar dat Hy namens ons, al ons sondeskuld met sy kruisdood sal betaal – volledig! (Rom. 3:24)

- Maar nou gebeur daar iets absoluut verbysterend in die hofsaak!
    - Die aangeklagtes aanvaar nie die redes waarom hulle vrygespreek word nie.
    - Hulle is omgekrap omdat Jesus vir alles betaal, en wil self ook ’n gedeelte betaal!
    - Wie is hierdie ondankbare aangeklagtes?
        - Dit elkeen wat nie kan aanvaar dat Jesus genoeg gedoen het nie.
        - Soms is ons ook so, as ons ons goeie dade wil aanbied as getuienis in ons guns, om te help met ons redding. (HK Sondag 24 V&A 62)
- Wat is egter die regverdige Regter se maatstaf vir ons goeie dade wat ons wil aanbied?
    - Dit moet volmaak volgens die wet van God wees. (Gal. 3:10, Mat. 5:20, 48)
    - Daar is egter geen beskuldigde in die beskuldigdebank wat daaraan voldoen nie. (Rom. 3:10-12)
    - Selfs ons beste dade is op een of ander wyse onvolmaak en met sonde besmet. (Jes. 64:6)
- Slotsom van die hofsaak: Jy kan geen goeie dade as getuienis aanbied om jou te red nie – aanvaar dus dat dit wat Jesus gedoen het genoeg is!
- Verdien ons goeie dade dan niks by die regverdige Regter nie? Ons goeie dade verdien niks by God nie, maar Hy beloon dit wel uit genade in hierdie lewe, en in die lewe hierna. (Luk. 17:7-10, Ps. 19:12, Matt. 25:21, ens.)
- Maak die leer dat ons goeie dade niks verdien nie, nie ons onverskillig en roekeloos in ons lewe nie?
    - Nee, want dit is onmoontlik dat ’n ware geloof, nie ook tot dade oorgaan nie (Jak. 2:14 e.v.)

JAAPROGRAMME

Jaarprogramme 2019 is na diens beskikbaar teen R10.00. Sou u ‘n gratis elektroniese weergawe wou hê, stuur boodskap aan Colleen by 082 855 4769 of epos admin@gksasolburg.co.za. Volgende Sondag, die 9de Desember, is die laaste geleentheid om jaarprogramme na die diens te kom koop.

SUSTERSAAMTREK – 2 MAART 2019

Die Sustersaamtrek is basies om die draai omdat daar ‘n lang vakansie tussenin is. Dit is waarlik ‘n voorreg om die geleentheid te kan aanbied en ons sussies in Christus te kan onthaal, te bederf en geestelike te voed. Tans het ons hierdie voorreg elke nege jaar. Ons is baie opgewonde oor die spreekster – Lindie Strydom – wat gaan gesels oor Om-gee-wingsbewustheid. Ek hoop dat elke Suster van ons gemeente opgewonde voel oor die Saamtrek en lus voel om betrokke te wees.

Laat weet asb as jy kan help met die volgende vir die Saamtrek.

1. Ons gaan a “Vintage high tea” hou en benodig baie 2-vlak of 3-vlak koekstaanders, sodat ons nie hoef te huur nie. Indien jy een het wat ons kan leen kan jy asb vir Jacqueline 071 683 2472 laat weet.
2. Vintage dekor – ou boeke, tasse, hoede ens. Laat weet vir Jeanne Muller 082 773 1993.

Indien jy meer betrokke wil raak, kan jy gerus met Jacqueline kontak – areas waar betrokke kan raak sluit in: dekor, spyseniering, take away pakkies, ontbyt pakkies, geskenkies, drinkgoed…
Sal nader aan die tyd reelings deurgee t.o.v dek van tafels ens.

INTERAKTIEWE AANDDIENS

Dankie vir almal wat deel was van die Aanddiens hierdie jaar, ons het almal geestelik gegroei en is baie ryker in ons kennis van die belangrikste “deel” van ons lewe – ons Here.
Die Aanddiens sluit vandag af (2 Desember 2018 en nie op 9 Desember soos op die kalender nie) vir die vakansie en sal weer hervat op 20 Januarie 2019 (en nie op 13 Januarie soos op die kalender nie).
Mag ons volgende jaar sommer baie nuwe gesigte by die Aanddiens sien!